



JEFFREYS BAAI
18 - 20 Mei 2018

Na 'n paar jaar wat SAWA Oos-Kaap nie op Jeffreys baai gaan kamp het nie, het ons besluit om dit weer 'n kans te gee en wat 'n aangename naweek was dit nie. Dit was net 'n rus naweek en elkeen kon kom en gaan soos hulle wou. Ons was 25 Karavane waarvan 4 gaste was.

Patrys Anker het Vrydagaand boekevat gehou en daarna het die vure hoog gebrand. Hoe mooi is dit nie om die stemme van kinders te hoor wat lag en speel nie?

Saterdag het 'n paar van ons lede Gin en Bier gaan proe in die dorp. Die ander het soos gewoonlik die winkelsentrum besoek of lekker rustig op die strand gaan stap. Die vissermanne het soos gewoonlik probeer visvang, maar 'n byt was daar ongelukkig nie.

Saterdagoggend het Ds. Rudi vir ons boekevat gehou en weereens het almal in groepe lekker saam gekuier om die vure.

Sondagoggend het Ds. Rudi vir ons n pragtige boodskap in die opelug gelewer, met druppels wat net net wil val. Ons het so gehoop vir reën want dit het so belowend voorgekom. Van die lede het vinnig na die diens opgepak, want wie wil nou met nat tente huis toe gaan? So het dit toe nooit gereën nie. Die oorblywende lede het nog gaan vis koop en lekker saam gekuier tot laat die middag. Hier op Jeffreysbaai gaan SAWA Oos-Kaap definitief weer volgende jaar n draai maak.

- Liana Labuschagne

